# KRUISGENOOT

5 Oktober 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# Kontak

**071 436 0102**
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org


# *Bid vir mekaar*

## Siek of in die Hospitaal

Marjorie Landsberg
Freddie Alberts
Annatjie Smuts
Marie Nel
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Marcel Derks
Fancis Jackson
Grietha Paxton
Ronel Clappen

# LEKKER VERJAAR

6 Oktober - Walter Eriksen
6 Oktober - Deddel Voss (89)
9 Oktober - Christo Nagel
10 Oktober - Janique Bester




**Sri Lanka:** Bid vir die Ceylon Bybelgenootskap wat voortgaan met sy roeping om God se Woord toeganklik en bekostigbaar te maak binne 'n multi-godsdienstige samelewing. Bid vir God se leiding in hul vertaalwerk, verspreiding van die Bybel en Bybelbetrokkenheid.
**Maledive**: Bid vir die mense van die Maledive, waar Christenskap nie wettig erken word nie en toegang tot die Bybel beperk is. Bid vir oop deure om die Bybel met respek te deel. Bid ook vir krag, beskerming en geestelike groei.
**Indië**: Bid vir die Bybelge-nootskap wat 'n diverse en multigodsdienstige nasie bedien. Bid vir wysheid en voorsiening terwyl hulle die Bybel vertaal, publiseer en versprei. Bid ook dat die Bybel mense se harte sal aanraak in tale wat hulle verstaan en teen pryse wat hulle kan bekostig.
**Bangladesj**: Bid vir die sukses van ons projekte vir die Santal jeug en kinders in Bangladesj. Bid vir fondse, geestelike impak en vir leiding vir die volgende generasie.

# Tiende maand Dankoffer

## DANKOFFERS

In Rustenburg-Suid Gemeente is Oktober tradisioneel tiende-dankoffermaand. Ons probeer dan om iets meer as ons gebruiklike dankoffer te gee. Daarmee erken ons dat alles wat ons besit aan die Here behoort en sê ons op 'n spesiale manier dankie vir die Here vir al die liefde wat ons daagliks uit sy hand ontvang. Ons gee vanuit die Bybelse beginsel 'n "spesiale offer" en bevestig daardeur dat alles 'n geskenk vanuit sy hand is!

Ons glo dat lidmaatskap van Rustenburg-Suid impliseer dat elke lidmaat 'n bydrae in die gemeente behoort te gee. En dat die finansies vir die versorging van die gemeente hoofsaaklik uit hierdie dankoffers behoort te kom.

- Ons sien jou bydrae as die manier waarop die Here (deur jou) sy gemeente versorg.
- Ons sien jou bydrae as 'n geloofsaak – nie net 'n finansiële saak nie. Daarom praat ons daaroor vanuit beginsels wat in die Bybel gegee word vir tiendes en offergawes. En hoop ons dat jy jou bydrae sal gee om God te eer en sy kerk op te bou.
- Daarom laat ons dit in jou hande om jou dankoffer na die gemeente te bring. Jy kan dit doen deur die dankofferkoevert, deur internet betalings te doen of deur 'n maandelikse debietorder te gebruik.
- Ons sien die Bybel se riglyn van 'n tiende steeds as die riglyn vir Christene van vandag. Ons erken egter die werklikheid dat lidmate ook op ander plekke as die gemeente in God se saak betrokke kan wees. En gevolglik minder as 'n tiende in die gemeente gee.
- Een maal per jaar (gedurende Oktober) hou ons 'n spesiale tiendemaand insameling. Dan word die Bybelse beginsels oor hierdie saak in die eredienste uitgespel. Die idee is dat lidmate gedurende hierdie tyd hulleself moet ondersoek om te sien of hulle in hierdie opsig erns maak met God se riglyne. Daarom is dit 'n tyd waarin ons hulle uitdaag om 'n volle tiende in die kerkkas te gee. En selfs meer te gee indien die Here hulle daarvan oortuig.
- Bydraes wat aan bedieninge in die gemeente gemaak word (bv. dankoffers wat tydens Tienerfokus opgeneem word of lidmate wat 'n deel van hul dankoffer vir 'n spesifieke bediening spesifiseer) word vir die spesifieke bediening aangeteken en gebruik vir die uitgawes van die spesifieke bediening.
- Hoewel dit nie 'n standaard item op die program van die gemeente is nie, kan spesiale projekte aangepak word om die finansies aan te vul.

In Rustenburg-Suid glo ons dat die Bybel duidelike riglyne gee oor die manier waarop ons geloof die bestuur van ons geld moet raak. Daarom gaan dit vir ons in die eerste plek oor die geloofsdimensie in hierdie saak. Ons glo:

- dat ons (wanneer ons ons offergawes bring) uitdrukking gee aan ons geloof in en ons aanbidding van God;
- dat ons ons offergawes aan God gee – nie die kerk nie;
- dat ons offergawes 'n geloofsdissipline is wat ons geloofslewe verryk en verdiep;
- dat ons offergawes die versorging van die gemeente en die werk van bedieninge binne en buite die gemeente moet onderhou; en
- dat God self aan ons die erkenning sal gee wanneer ons ons geld en goed bestuur op 'n manier wat sy saak op aarde bevorder.

Daarom gaan dit vir ons in beide die bymekaarbring en besteding van die finansies oor 'n geloofsaak – een wat ons met nugterheid en vertroue op die Here moet bestuur.


Oktober maand
Tiende maand
Dankoffer


G-om Projek/WeeCare Project
Fondsinsameling
Rolbaltoernooi
Kom rol saam met ons!
25-10-'25 | 09:00
Rustenburg Rolbalklub
Slegs R800 per span
4 spelers per span
3 rondtes van 10 koppe elk
Pryse vir:
Beste spangees
"Best dressed" span
1ste, 2de en 3de plek pryse
En baie meer!
Koswaentjies en koeldrankstalletjies
Oud en jonk kan inskryf
Wees deel van hope pret, vriende, spanbou, kompetisie en pryse!
Balle en "green fees" ingesluit
Springkasteel en lekkergoedpakkies vir kinders
Bankdetails: G-Om Projek | Nedbank (108-410) | 1084010364
NPO: 050 549 | PBO: 930032788 (Article 18A Organisation)
Kontakpersone:
Marieta: 063 705 0304
Christel: 082 785 2439


Bybelstudie
Woensdag 09:00


Koffie en Tee
In die saal na die diens